



DIE SANTAM KAART

Belangrike veiligheidswenke vir polishouers:

- Hou altyd jou Santam Kaart op 'n veilige plek.
- Dra net jou Santam Kaart by jou as jy dit wel gaan gebruik.
- Hanteer die Santam Kaart asof dit kontant is.
- By ontvangs, teken onmiddellik die kaart in die ruimte agter op die kaart.
- Wanneer die Santam Kaart by 'n kleinhandelaar, ensovoorts gebruik word, moet vir geen oomblik die kaart onder jou oë laat uitgaan nie.
- As jy jou Santam Kaart verloor, bel onmiddellik Santam se Inbelsentrum by **0860 505 911** om die kaart te kanselleer sodat 'n nuwe een aan jou uitgereik kan word.
- As jy vermoed dat toegang tot jou kaart verkry of dit op 'n bedrieglike manier gebruik is, bel onmiddellik Santam se Inbelsentrum by **0860 505 911** om die kaart te stop en 'n nuwe een te reël.
- Stel Santam altyd sou gou moontlik in kennis van veranderinge in jou kontakbesonderhede, straat- of posadres, telefoonnommers, ensovoorts.
- Sake-ure van Santam Inbelsentrum: 24x7x365
- Sake-ure van die Kaartnavraag-inbelsentrum: 07:30 – 21:00 (Maandag tot Sondag)

Algemene vrae en antwoorde:

Waarom 'n Santam Kaart?

In ooreenstemming met moderne tegnologie en met die oog daarop om die eiseproses te vereenvoudig en koste te besnoei om jou eise-ervaring beter te maak, het Santam die Santam Kaart bekend gestel. Vir eisers, sal die kaart ons in staat stel om bedrog fyn dop te hou en te ondersoek, ons help om die vervangde items weer te verseker en sal dit heelwat gemakliker en geriefliker vir jou, ons gewaardeerde kliënt, wees. Die gebruik van die kaart sal ook verseker dat as jy die eisebetaling by een van ons voorkeurverskaffers spandeer, jy kontanterugbetalings van die verskaffer op jou kaart sal ontvang.

Hoe lank is die Kaart geldig?

Jou Kaart is jou waardevolste besitting in die geval van 'n eis. Hou dit asseblief op 'n veilige plek, aangesien jy van nou af elke keer wat jy 'n kontanteis of 'n Santam-betaling ontvang deur middel van hierdie kaart geïdentifiseer sal word. Die kaart verval ná vyf (5) jaar en jou kaart sal vervang word net voordat die ou een verval.

Wat is die koste verbonde aan hierdie Santam Kaart?

Daar is geen koste vir jou, ons kliënt, wat met die gewone gebruik van hierdie kaart verband hou nie. Saldo's wat ná twee (2) jaar nadat dit gelaai is, egter nog nie spandeer is nie, sal aan 'n maandelikse fooi van R10 onderhewig wees.

Hoe werk die Santam Kaart?

Die kaart sal met die finale ooreengekome eisebedrag (minus die bybetaling) of jou ander Santam-betaling gekrediteer word. Jy neem dan die kaart na die voorkeurverskaffers soos aan jou verskaf ten tye van die eis en op ons webtuiste, en jy koop jou vervangingsitems. Neem kennis: Geen PIN word uitgereik nie, aangesien die kaart net gebruik kan word om aankope te doen. Deur die kaart by ons voorkeurverskaffers te gebruik, verdien jou kontanterugbetalings waarop Santam vooraf met hierdie voorkeurverskaffers ooreengekom het, en dit word op jou kaart gekrediteer 'n maand nadat jy die kaart by daardie verskaffer gebruik het. Neem asseblief kennis dat jy nie vir enige ander kortings by ons voorkeurverskaffers sal kwalifiseer nie. Ons kaartadministrateur sal aan jou 'n SMS stuur elke keer wat 'n betaling op jou kaart gedoen word om die proses vir jou makliker te maak. As jy verkies om nie Santam se voorkeurverskaffer te gebruik nie, sal jy nie kontanterugbetalings ontvang nie.

Hoe werk die Santam Kaart se kontanterugbetalings?

As jy verkies om jou vervangingsitems by een van ons voorkeurverskaffers (verskaf met jou kaart en daarna gereeld op ons webtuiste by www.santam.co.za bygewerk), sal jy vir kontanterugbetalings kwalifiseer, gewoonlik in die maand nadat jy die aankope gedoen het. Dit word op jou Santam Kaart gekrediteer en jy word per SMS van hierdie krediet in kennis gestel. As jy dit weer by een van ons voorkeurverskaffers spandeer, sal jy vir nog kontanterugbetalings kwalifiseer. Neem dus asseblief kennis dat jy nie sal kwalifiseer vir enige ander kortings wat ons voorkeurverskaffers aanbied nie.

Hoe “aktiveer” ek my Santam Kaart?

Om te bevestig dat jy inderdaad die eiser is, vereis ons dat jou kaart geaktiveer word voordat ons jou geld daarop laai. Jou identiteit sal bevestig word wanneer jy jou Santam Kaart afhaal of dit afgelewer word. Die eisebetaling sal dan oornag gelaai en jy per SMS in kennis gestel word dat jou kaart geaktiveer en gelaai is. Jy hoef niks te doen om jou kaart te aktiveer nie.

Waar kan ek my Santam Kaart gebruik?

Ná kennisgewing per SMS dat jou kaart geaktiveer en geld gelaai is, sal jy jou kaart kan gebruik by enige winkel wat Visa Electron-kaarte aanvaar. As jy verkies om jou vervangingsitems by een van ons voorkeurverskaffers (wat met jou kaart verskaf en daarna gereeld op ons webtuiste by www.santam.co.za bygewerk word) sal jy vir 'n Santam Kaart-kontantterugbetaling kwalifiseer.

Is daar enige beperking op aankope op my Santam Kaart?

Ja, 'n daaglikse bestedingsperk sal by verstek van toepassing wees op alle Santam Kaarte wat uitgereik word om moontlike verliese weens ongemagtigde gebruik te beperk. Dit sal jou nie verontrief wanneer jy jou vervangingsitems koop nie. As jy hierdie perk wil verander (verhoog of verlaag), bel die Kaartnavraag-inbelsentrum by **086 111 1234** en hulle sal op jou versoek die perk wysig. Neem asseblief kennis dat die perk net gewysig sal word as dit deur die kaarthouer versoek word en sodra die kaarthouer se identiteit telefonies bevestig is.

Wat gebeur as ek my Santam Kaart verloor?

Dit hang af wanneer jy dit verloor:

- As jy eers ontdek dat dit verlore is wanneer jy moet eis, sal daar 'n kort vertraging wees terwyl ons die ou kaart stop en dringend 'n nuwe een per koerier aan jou stuur. Deel ons asseblief mee wanneer jy ons by **0860 505 911** met jou eisebesonderhede bel.
- As jy dit in enige ander stadium verloor, bel onmiddellik Santam se Inbelsentrum by **0860 505 911** om die verlies aan te meld, aangesien die kaart gestop, die geld oorgedra, waar van toepassing, en vervang moet word.

Hoe weet ek wat die saldo op my Santam Kaart is?

Daar is drie maniere om dit te doen:

- Gebruik die selfoonnommer wat jy aan ons gegee het toe jy die kaart ontvang het, SMS die 16 syfers op jou kaart na **41922** en ons sal jou saldo per SMS aan jou stuur. Hierdie SMS kos R2 en word regstreeks deur jou selfoonnetwerkverskaffer afgetrek.
- Jy kan ook die Kaartnavraag-inbelsentrum by **086 111 1234** bel en hulle sal jou saldo vir jou gee sodra jou identiteit bevestig is.
- Nog 'n manier is om op Santam se webtuiste by www.santam.co.za aan te teken.

Wat gebeur met ongebruikte geld van my eise-uitbetaling op die Santam Kaart as ek dit nie spandeer nie?

Die onopgeëiste saldo bly op die kaart totdat jy dit spandeer of totdat Santam dit met 'n nuwe eise-uitbetaling aanvul. Saldo's wat twee (2) jaar nadat dit gelaai is, nog nie spandeer is nie, sal aan 'n maandelikse fooi van R10 onderhewig wees.

Hoe kry ek meer besonderhede oor my Santam Kaart?

As jy enige inligting verlang wat regstreeks met jou kaart verband hou, bel die Kaartnavraag-inbelsentrum by **086 111 1234** wat aan jou hierdie besonderhede sal verskaf.

Wat is die bepalinge en voorwaardes wat met die gebruik van my Santam Kaart verband hou?

Die Bepalinge en Voorwaardes van Gebruik van die Santam Kaart word by die aflewering van die Santam Kaart ingesluit. Maak asseblief seker dat jy hierdie bepalinge en voorwaardes sorgvuldig deurlees. Met die gebruik van jou kaart sal aanvaar word dat jy al die bepalinge en voorwaardes wat daarmee verband hou, gelees en dit verstaan het en dat jy jouself as ten volle onderworpe daaraan beskou. Die jongste weergawe van hierdie dokument is ook op ons webtuiste by www.santam.co.za beskikbaar.

Moet jy onderwerp word aan die Bankwet se FICA-proses by aanvaarding van hierdie Santam Kaart?

Nee, jy hoef nie aan die FICA-proses onderwerp te word nie.

Kan ek geld in my Santam Kaart betaal?

Nee, jy kan dit nie doen nie want Santam is nie 'n bank nie.

Wat sê ek by die kasregister as die winkelklerk vra watter soort rekening dit is nadat die kaart deurgevoer is?

Antwoord “krediet”.

Vir eise, moet ek die vervangingsitem koop waarvoor Santam my vergoed?

Ja, ons wil hê jy moet die item/s vervang wat jy verloor het. Die kaart is spesifiek ontwerp om goeie risikobestuursgedrag te bevorder en om 'n buigsame oplossing te bied om dit te ondersteun.

Kan ek 'n Santam Kaart-betaling met 'n persoonlike betaling aanvul?

As jy 'n vervangingsitem by ons verskaffer wil koop vir meer as wat op jou kaart is, is jy welkom om die kaartbetaling met 'n tjek (as die verskaffer dit aanvaar), kredietkaart of kontant aan te vul. Kontantterugbetalings kan nie op sulke aanvullende bedrae gebruik word nie. Moet nie vergeet om die aangekoopte item te verseker nie!

Wat doen ek as my persoonlike besonderhede verander?

Stel ons asseblief onmiddellik in kennis as enige van jou kontakbesonderhede verander. Ons moet jou op hoogte hou van die stand van jou polis en dekking. Jy kan Santam se Persoonlike Lyne Inbelsentrum by **0860 726 826** bel om jou kontakbesonderhede te wysig.